

Maandag 11 Julie

Skrifgedeelte: Matteus 22:1-14

Fokusgedeelte: Matteus 22:9-10

Bring hulle in die koninkryk

“Die maaltyd is reg; my beeste en vetgemaakte vee is geslag en alles is gereed. Kom na die bruilof toe.” So roep ons Koning ons elke dag deur sy Woord en Gees om in sy koninkryk te kom aansit by sy feesmaal. Maar hoor ons werklik sy roepstem en wat maak ons as kerke daarmee?

Jesus het hierdie gelykenis eerstens vertel om te wys hoe die Israëliete in die Ou Testament die roepstem van God se dienaars verwerp het. Die profete het weer en weer die uitnodiging gebring om te kom na die bruilofsmaal van Christus, maar elke keer was daar ’n flou verskoning. Ja, hulle het selfs daarvoor die profete mishandel en van hulle doodgemaak. Ook die roepstem van ons Here Jesus is verwerp toe hulle Hom gekruisig het.

’n Bruilof kan egter nie sonder gaste wees nie en daarom stuur die Koning sy dienaars weer uit, dié keer om almal te nooi wat wil kom. Goeies en slegtes, ja ook die heidene, word genooi om te kom aansit by die feesmaal van die opgestane Here! Waar ons Here Jesus die vuil klere van ons ou sondige mens met al sy bouse werke vir ons uittrek en ons bekleed met die feeskleed van die dankbare, nuwe mens (NGB Art. 34).

Maar voordat die fees in sy volheid kan begin, moet die feessaal eers vol gaste word. Daarvoor is dit nodig dat elkeen van ons, as dienaars in sy koninkryk, sal uitgaan en as gelowiges ons profetiese stem sal laat hoor en almal uitnooi na die feesmaal van die Here. As kerk is ons immers sy getuies wat moet uitgaan en dissipels moet maak van al die nasies. Kom ons gaan dus uit en nooi almal na die bruilofsfees van ons Koning.

Sing: Psalm 102-1:8, 9

Ds. PR Gouws (Dendron/Magalakwin)